# HOOFSTUK III.

## (HISTORIES - KRITIES - VERGELYKEND)

## STUDIES OOR WOORDESKATLYSTE.

### 1. Ontstaan van die lyste.

Aanvanklik bestaan alle tale uit 'n massa ongeordende taalmateriaal. Mettertyd, egter, word daar pogings aangewend om die taalfeite op te teken en om hulle te orden, te klassifiseer en te sistematiseer. So ontstaan grammatikas, woordeboeke, spellyste, ens.

'n Logiese klassifikasie van woordsoorte, b.v., is vir die eerste maal deur Aristoteles neergelê, en sy tien kategorieë het later die basis vir die indeling in grammatiese kategorieë geword.[1] By die Grieke van die 5e en 4e eeu v.C. was daar egter nog geen sprake van eintlike grammatika nie: hulle het maar net gefilosofeer —— nagedink oor die verhouding tussen praat en dink. Dit was eers in die 3e en 2e eeu v.C. dat die taalkunde, soos ons dit vandag ken, te Alexandrië gebore is. Daarvandaan is die grammatika oorgebring na Rome en die Latynse terminologie (op Griekse lees geskoei) het op sy beurt die grondslag gevorm van die grammatika van die moderne Europese tale. Eers aan die begin van die 20e eeu is die logiese deur die psigologiese en sosiologiese taalbeskouing vervang.[2]

Gedurende die 20e eeu het daar 'n verdere ontwikkeling plaasgevind. Pedagoë en taalkundiges het o.a. die volgende vrae begin stel: watter woorde in die taal word die meeste gebruik en hoe kan hulle objektief vasgestel word? Behoort hierdie woorde nie aangewend te word sodat leesboeke en spellyste, wat woordkeus en grootte van woordeskat betref, op 'n meer wetenskaplike grondslag kan berus nie? En indien so 'n lys woorde vasgestel kan word, sal ons dan nie 'n objektiewe maatstaf hê om die geskiktheid, toereikendheid en betroubaarheid van handboeke

1) Lecoutere - Grootaers: Inl. tot de Taalkunde, 16 - 38
2) b.v. (I) Wundt: Die Sprache, 1900
(II) Van Ginneken: Grondbeginselen der psychologische Taalwetenschap, 1904 - 1905.

en spellyste te toets nie? En toe 'n bietjie later: bestaan daar 'n deel van enige taal wat (uit hoofde van die onmiddellike bruikbaarheid daarvan en die betreklike gemak waarmee dit geassimileer kan word) as basies of fundamenteel beskou kan word? Indien wel, kan hierdie fundamentele of kern-taalmateriaal objektief vasgestel en gerangskik word?

Op die gebied van die taalonderwys het hulle spoedig ontdek dat die waarde van meetbare hoeveelhede betreklik maklik objektief bepaal kan word. Dit sluit o.a. woorde, idiome, vaste uitdrukkinge, ens. in. Onmiddellik het wetenskaplike navorsing begin, en met verloop van tyd het daar 'n groot verskeidenheid van lyste verskyn, elk in ooreenstemming met die doel wat die vorser hom gestel het.

Alle pedagoë en handboekskrywers pas gewoonlik die beginsel van seleksie toe. Na aanleiding van die opvoedkundige grondreël om voort te gaan van die bekende na die onbekende (van die besondere na die algemene, van die eenvoudige na die ingewikkelde, ens.) word daar gedurig gekies en gekeur, maar alte dikwels berus die seleksie op 'n empiriese (persoonlike, subjektiewe) i.p.v. 'n objektiewe (sistematiese, wetenskaplike) grondslag. Onsekerheid, eindelose teoretisering en gebrek aan uniformiteit kan alleen uit die weg geruim word wanneer seleksie in ooreenstemming met duidelik omskrewe beginsels[3)] toegepas word. Die grootste voordeel (benewens bruikbaarheid) van basiese taalstof wat wetenskaplik vasgestel en gegradeer is, lê immers daarin dat dit aan verdere proefneming en navorsing (met die oog op uitbreiding of beperking) onderwerp kan word.

Van 'n suiwer historiese oogpunt beskou, dagteken die vroegste kwantitatiewe telling van die woordeskat uit die 19e eeu. Afgesien van die biografiese studies deur die Sterns[4)] en ander[5)] aangegee, is daar net een betroubare studie wat, metodologies,

---

3) Cf. Swenson en West: On the Counting of New Words, 7 - 14.
4) b.v. „Biography of a Baby," deur Mej. M.W. Shinn. (C. en W. Stern: Die Kindersprache, 394)
5) b.v. Preyer: Mind of the Child, 1888
Sully: Studies of Childhood, 1895
(Victoria Hazlitt: The Psychology of Infancy, 3)

statisties en wetenskaplik van aard is. In 1898 het Kaeding[6)] se frekwensie-woordeboek van Duitse woorde verskyn, maar dit is eers van omstreeks 1908 dat die belangrikheid van frekwensie-tellings vir die eerste maal besef is.[7)] Sedertdien het die getal lyste sodanig toegeneem dat dit buite die bestek van hierdie ondersoek val om hulle almal aan te haal. Coleman[8)] se spellys b.v. berus op 33 lyste (voor 1931 saamgestel) en Luella Cole[9)] gee 'n opsomming en bespreking van oor 'n honderd woordeskatstudies wat voor 1940 verskyn het. Slegs enkeles kan onder die verskillende hoofde ontleed word.

Tabellaries kan die uitkomste van die belangrikste ondersoeke i.s. woordfrekwensie na 1900 en voor 1920[10)] volgenderwys ondergebring word:

| Naam van samesteller en datum | Getal lopende woorde | Woordeskat | Bronne |
|---|---|---|---|
| Eldridge, 1911 | 43,989 | 6,002 | Koerante |
| Ayres, 1913 | 23, 629 | 2,001 | Sakebriewe |
| Jones, 1913 | - | 4,532 | Opstelle (kinders) |
| Cook - O'Shea, 1914 | 200,000 | 5,200 | Familiebriewe |
| Starch, 1916 | 40,000 | 5,903 | Tydskrifte |
| Anderson, 1917 | 360,000 | 3,087 | Sake- en persoonlike briewe |

2. Algemene doel van die woordelyste.

Die standpunt van diegene wat met tweede- of vreemde-taalonderrig gemoeid is, word die beste deur Fife aangegee: „In an effort to prepare an objective equipment for the curriculum maker and teacher (of foreign languages) the fourth group of studies was undertaken. These were frequency studies in the basic materials of instruction in vocabulary and idiom. It had long been

6) en 7) Fife: Summary of Reports on the Modern F. Languages, 188
In hierdie verband skryf West: „These Word-Frequency lists, showing the commoner words of the English language with index numbers of their relative frequency in the material studied, were designed in the first instance mainly with a view to the selection of words for the teaching of spelling." (Bilingualism, 228)

8) A Critique of Spelling Vocabulary Investigation. (Hierdie boek is verbrand aan die P.U.K. en ek was aangewese op Fourie se proefskrif, 280.)

9) The Teacher's Handboek of Technical Vocabulary, 1940 (cf. J.E.R., Deel 37, 414 en 428)

10) Cf. (I) West: Bilingualism, 228.
(II) Fife: Summary of Reports on the Modern Foreign Languages, 189

realised that the selection of words and the selection and sequence of idioms and syntactical phenomena should be based on more objective criteria than textbook tradition or individual judgment."[11] En verder: „That students in the modern languages should be given first those elements and usages which they will need the most to develop capacity in these languages is a truism that assuredly needs no argument to defend it.(bl. 188) The attainment of any language objective makes it imperative to find the words and forms and idiomatic expressions which have the highest usefulness. It makes for economy of time and effort." (bl. 189).

Die komitee wat in 1934 onder beskerming van die Carnegie-korporasie aangestel is om 'n basiese woordeskat saam te stel, meld in hul interimverslag: „(The report's) concern is with an immediate and pressing practical need; the facilitation of the processes of teaching English to many millions of children, youths and adults throughout the world, who need English in addition to their mother tongue."[12] Verder noem hulle 'n hele aantal redes (9) waarom 'n beperkte of uitgesoekte woordeskat belangrik is, b.v.[13] om met 'n kernwoordeskat te begin, om die taal aan te suiwer, om handboeke te vereenvoudig en vir ander praktiese doeleindes.

In verband met die samestelling van 'n spreek-woordeskat gee Swenson en West vier redes waarom woorde getel word.[14]

---

11) Fife, op. cit., 14
12) Interim Report on Vocabulary Selection, 1
13) t.a.p., 9 - 10. Enkele daarvan lui as volg:
(a) The "Foundation" Standpoint. Many advocates of a limited vocabulary regard it merely as a nucleus or starting-point from which the learner will proceed to further knowledge of the language as a whole.
(b) Purification of Style. A selected vocabulary offers an opportunity of purging the language of words and other items (e.g. slang) which tend to be misused.
(c) The Standpoint of the Practical Teacher. The teacher demands a list of words arranged in order of value, together with an inventory of forms and meanings, so that he may use this as a basis for his teaching or as a basis for a textbook.
(d) The Standpoint of the Textbook Simplifier. There is a need of a vocabulary within which reading material may be rewritten and simplified. The exponent of this standpoint demands adequate words of precision, stylistic variants, and words of emotional connotation, in order to enrich his stories, descriptions, etc."
14) Hulle lui as volg:

(b.o.)

Verder lê hulle elf beginsels [15] vir die telling van woorde in hierdie verband neer.

Wat 'n basiese Engelse woordelys vir vreemdelinge betref, is veel alreeds gedaan o.a. deur West [16] (Bengale), Faucett (China), Palmer (Japan) [17] en die komitee wat deur die Carnegie-korporasie aangestel is (nl. West, Faucett, Palmer en Thorndike) [18].

Wat hier omtrent 'n vreemde taal aangevoer is, geld eweseer vir moedertaalonderwys. Inderdaad, die telling van woorde om die woordeskat vas te stel, het by handboeke in die moedertaal begin. [19] Die belangstelling van doseerders van vreemde tale het heelwat later eers ontstaan. „Not until about the second decade of this century did it occur to those interested in modern language instruction to ask whether the vocabulary and

---

„(a) In order to know the vocabulary-burden —— so that the learner may know how much he has to learn in a given period.
(b) In order to indicate vocabulary achievement —— so that, given a vocabulary consisting of a certain number of words, we may indicate to the learner what access of power (in reading or in speaking) will be attained by having learnt that amount.
(c) In order to distribute the vocabulary-burden —— so that the learner's task may be spread evenly over the time available, avoiding alternations of strain and easy-running.
(d) In order to measure progress —— so that the learner may be encouraged by seeing how fast he is getting on."
(Swenson en West: On the Counting of New Words, 6 - 7)

15) Swenson en West, op. cit., 7 - 14.

16) West se uiteensetting van genoemde standpunt t.o.v. 'n kern-woordeskat te vinde in „Bilingualism (with special reference to Bengal), VII - VIII."
Insake 'n basiese Engelse woordelys vir vreemdelinge skryf hy o.a.: „The more common a word is in the language, the more likely it is to prove useful to us on many occasions. Hence it is necessary to construct a vocabulary out of the most common words in English: the commoner the word, the more indispensable it is for the expression of ideas, and therefore the earlier it will be needed, and the earlier it must be introduced. If this principle is successfully observed, at any given moment the boy will possess a vocabulary of maximum utility compatible with its size. To make such a selection by mere guesswork is clearly impossible.... Fortunately we are not limited to mere guesswork, since Word-frequency Lists ... render the task practicable." (Bilingualism, 264)

17) (a) West: Definition Vocabulary.
(b) Faucett: A Study in English Word-values —— gebaseer op die lyste van Horn en Thorndike.
(c) Palmer: The Institute for Research in English Teaching Word Lists (Tokyo, Japan).
(Vide: Interim Report on Vocabulary Selection, 20 - 21)

18) Interim Report on Vocabulary Selection.

19) Swenson en West, op. cit., 5.

inflectional forms, the idiomatic locutions and syntactical phenomena found in the texts or handed down as an entailed estate from one generation to the next were defensible on grounds of utility," merk Fife[20] op.

In verband met moedertaalonderwys kan ons ook let op die uitsprake van:

(a) Elizabeth Cowley:[21] „The studies of general vocabularies and vocabularies for school subjects that have been made in recent years indicate a growing recognition of the need for a more accurate understanding of pupils' word knowledge. It makes for economy in learning."

(b) Shambaugh en Shambaugh:[22] „In considering a vocabulary for elementary students it is important that we should know those words which the student uses in his daily life outside as well as in the school room."

(c) Hockett:[23] „Teachers and textbook committees are becoming convinced of the importance of careful vocabulary control in reading materials for the primary grades. This is due to an increasingly critical attitude toward all aspects of the teaching of reading and to recognition of the great importance of an abundance of easy, interesting material for primary pupils."

Benewens die doeleindes t.o.v. moedertaal- en vreemdetaalonderwys vind ons talle ander oogmerke vir die telling van woorde, b.v. om frekwensielyste van allerlei tegniese woordeskatte (musiek, meetkunde, geskiedenis, ens.) en spelfoute saam te stel, om die woordeskatte van kinders en volwassenes te bepaal en om woordelyste vir gebruik in intelligensietoetse en vir stenografiese doeleindes beskikbaar te stel.

3. <u>Lyste in verskillende tale (sedert 1920)</u>.

(a) <u>Engels</u>:

In 1921 verskyn <u>Thorndike</u>[24] se eerste frekwensielys. Hy het 1,865,000 lopende woorde ontleed om 'n woordeskat van 10,000 vas te stel. Die bruto-totaal lopende woorde het bestaan uit 625,000 woorde uit kinderklassieke; 300,000 uit die Bybel en Engelse klassieke; 300,000 uit laerskool-handboeke; 50,000 uit tegniese leesstof; 90,000 uit koerante en 500,000 uit briewe.

Die eerste uitbreiding van hierdie lys (na 20,000 woorde)[25]

---

20) Fife, op. cit., 188.
21) Technical Vocabs. for P. and S. Geom. (J.E.R., Dl. 27, 345)
22) A Core Vocab. for Elem. Sch. Pupils. (J.E.R., Dl. 19-20, 39)
23) In: J.E.R., Deel 31, 665.
24) The Teacher's Word Book, 1921 (Cf. West: Bilingualism, 228)
25) Thorndike: The Teacher's Word Book of 20,000 Words, 1931. (Sy bronne was boeke deur volwassenes geskryf. Cf. J.E.R., Deel 32, 158)

het in 1931 verskyn en die tweede, in samewerking met Lorge, in 1943.[26]

Deel I van laasgenoemde publikasie bevat 19,440 woorde met 'n frekwensie van minstens een per miljoen woorde. Na elke woord word aangegeé: (I) die algemene frekwensie van die woord per miljoen lopende woorde en daarna die frekwensies van die woord in (II) die Thorndike telling van 1931 (uit ongeveer 4,500,000 lopende woorde, (III) die Lorge tydskrif-telling (uit ongeveer miljoen lopende woorde), (IV) die Thorndike telling van 120 kinderboeke (uit ongeveer 4,500,000 lopende woorde) en (V) die Lorge - Thorndike semantiese telling (uit ongeveer 4,500,000 lopende woorde).

Deel II bestaan uit 9,202 woorde met 'n frekwensie van minstens een per viermiljoen woorde, d.w.s. woorde met 'n laer frekwensie as dié in Deel I. Tussen hakies na elke woord word die frekwensie per agtienmiljoen lopende woorde ook aangedui. In Deel III verskyn 1,358 woorde wat vier maal per agtienmiljoen lopende woorde voorgekom het. Deel IV bevat 'n lys van woorde met 'n verskyningskrediet van 1,000 of meer in die Lorge tydskrif-telling en die Lorge - Thorndike semantiese telling, en in Deel V word die eerste twee strale aangegee, d.w.s. die eerste en tweede 500 woorde met die hoogste frekwensies in sowel die algemene lys (Thorndike - Lorge) as die oorspronklike Thorndike-lys.

As stof vir die vasstelling van die vyf frekwensiesyfers in Deel I het gedien: (I) alle soorte leesstof, (II) leesboeke, handboeke, die Bybel en klassieke, (III) die jongste populêre tydskrifte, (IV) boeke geskik vir leerlinge van die 3e tot die 8e graad (st. I - VI) en (V) 'n verskeidenheid van leesstof vir kinders en volwassenes, skoolleesboeke en handboeke uitgeslote.

Daar het 'n hele aantal kritiese beskouings en ontledings van Thorndike se eerste twee lyste (nl. dié van 1921 en 1931) verskyn. Die grootste gebrek van die eerste lys, volgens Dewey,[27] lê daarin dat die volgorde van die eerste groepie

26) Thorndike en Lorge: The Teacher's W. Book of 30,000 Words.
27) Dewey: Relative Frequency of English Speech Sounds, 5
(Cf. West: Bilingualism, 229)

woorde foutief is.

Gates, Bond en Russell[28] het 'n ondersoek ingestel om die vermoë van die kind te toets om Thorndike se lys woorde (van 1931) te verstaan en uit te spreek. Sy proefpersone was 600 kinders uit grade 2B tot 6A, en die woorde is sowel geïsoleerd as kontekstueel getoets. Hul bevinding was dat die eerste duisend woorde die maklikste is en dat die woorde daarna geleidelik moeiliker word.

Fielstra[29] het uitgegaan van die veronderstelling dat die verskeidenheid van leesstof vir die eerste telling (1921) nie groot genoeg was nie. Sy het sy eerste twee lyste vergelyk en gevind dat die woorde (in vlakke van 'n duisend) nie heeltemal klop nie: 1,210 nuwe woorde verskyn in die eerste 10,000 woorde van die tweede lys. Baie woorde loop oor van die een vlak na die ander (in die tweede lys) en daar is 'n groot verskil in die frekwensies van al die woorde. Eindelik kom sy tot die volgende besluit: „The 20,000 word list is not an extension of the 10,000 word list: the first half of the later list constitutes a substantial revision of the earlier one. Results of studies based on the first list are therefore to be questioned, especially those in which a word was considered to be 'difficult' or 'technical'."[30]

Berglund het die doelmatigheid van Thorndike se 1931-lys vir skoolgebruik op grond van die volgende beperkinge gekritiseer: (I) sy bronne was hoofsaaklik lektuur vir volwassenes en nie kinderleesstof nie, (II) die betekenisse van homonieme (homograwe) is nie onderskei nie en (III) die woorde is nie in vlakke vir skoolgebruik gegradeer nie.[31]

Stauffer[32] het Thorndike se tweede lys (van 1931) ontleed en gevind dat 24% van die woorde voorvoegsels het. Hy het 'n lys van 61 voorvoegsels opgestel en die frekwensie van die 15 algemeenste uitgewerk.

---

28) In: J.E.R., Deel 32, 161 - 167.
29) In: J.E.P., Deel 30, 1939, 445 - 452.
30) t.a.p., 452.
31) Berglund in: J.E.R., Deel 31 (1937 - 1938), 172.
32) In: J.E.R., Deel 35 (1941 - '42), 453 - 458.

Boyd[33] het (in 1924) 'n minimum standaard spellys van 1,150 woorde (wat alle kinders van tien jaar behoort te kan spel) opgestel. Sy lys is wel op die Amerikaanse lyste gebaseer, maar dit is verwerk ooreenkomstig die behoeftes van leerlinge op Skotse skole.

Horn[34] het (in 1926) 'n basiese skryfwoordeskat saamgestel. Sy bronne was briewe deur volwassenes geskryf, en uit meer as vyfmiljoen lopende woorde het hy 'n lys van 10,000 verskillende woorde opgeteken.

Dolch[35] het (in 1927) probeer om die woordeskatte van kinders in grade II tot VIII vas te stel. Die vry-assosiasie metode[36] is toegepas en 12,206 kinders is gevra om binne 15 minute alle woorde waaraan hulle kan dink (by wyse van reaksie op prikkelwoorde) neer te skryf. Uit 'n bruto-totaal van 2,312,000 woorde het hy 12,622 verskillende woorde gevind. Hy het slegs 9,583 woorde gegradeer, want 3,039 woorde het net een maal voorgekom. Sy gevolgtrekking was dat lyste vir die grade slegs by benadering vasgestel kan word. Nadat hy sy lys met veertien ander vergelyk het, het hy gevind dat 'n kwart van sy (9,583) woorde in geen ander lys verskyn nie. 'n Kwart het in frekwensielyste voorgekom en helfte in lyste wat op kindergebruik berus.

Ook Shambaugh en Shambaugh[37] het (in 1929) die vry-assosiasie metode gebruik om 'n kernwoordeskat vir die laerskool vas te stel. Uit 'n totaal van 230,631 woorde het hulle 4,515 verskillende woorde gevind. 1,309 woorde het in die woordeskatte van al die grade voorgekom. Hierdie lys word as 'n kernwoordeskat vir leerlinge op die laerskool beskou. 1,146 van hierdie woorde verskyn sowel in Horn en Thorndike se lyste as in hul eie.

---

33) Measuring Devices in Compo., Spel. and Arith., 106 et seqq.
34) A Basic Writing Vocabulary, Monographs in Ed. No. 4. (Vide J.E.R., Deel 32, 158)
35) Grade Vocabularies (Cf. J.E.R., Deel 15 - 16, 16 - 25)
36) 'n Lys prikkelwoorde word gegee en die kind moet naas elke woord ander woorde wat hy met die woord assosieer, neerskryf. (Cf. Shambaugh en Shambaugh in J.E.R., Deel 19 - 20, 39)
37) A Core Vocabulary for Elementary School Pupils, (J.E.R., Deel 15 - 16, 16 - 25)

Die belangrikste lys wat in 1930 gepubliseer is, is dié van Ogden.[38] Die hele opset van hierdie studie is propogandisties van aard. Omdat hy meen dat Engels 'n universele taal sal word,[39] het hy 'n basiese woordeskat van 850 woorde gekompileer. „The words in question," beweer hy, „have been scientifically selected to form an International Auxiliary Language, i.e. a second language for all who do not already speak English (bl. 9). The 850 ... do all the essential work of 20,000." (bl. 10)

Om die grootte van sy lys te bepaal,[40] het hy eers alle onnodige woorde (veral werkwoorde) in die taal uitgeskakel sodat daar ongeveer 2,000 oorgebly het. Daarna is elke woord in die middel van 'n kring met dertig strale geskryf. Dertig moontlike vrae is gestel en alle ander woorde wat 'n ruimte-, gedrags- of tydsverhouding, ens. tot die sentrale woord aandui, is aan die end van die strale geskryf. Nou het die vorser 'n saamgestelde beeld van die verhouding van die sentrale woord tot al die ander woorde in die taal wat daarmee verbind is, en op dié manier kan hy bepaal of die woord behou of verwerp moet word Gestel die sentrale woord is „dog." Aan die end van die straal wat tydsverhouding aandui, staan „puppy." Hierdie verhouding sluit ook die woord „young" in. „Puppy" sal dus nie in die basiese lys opgeneem word nie, want „a young dog" omskryf alreeds die betekenis van dié woord. Hierdie metode noem Ogden sy „Panoptic Definition."[41]

Ogden het sy eiland- of minimum-woordeskat vir vreemdelinge op heel vernuftige wyse saamgestel, maar ten spyte van die ver-

---

38) Basic English

39) t.a.p., 14, 94 et seqq. Hy redeneer as volg: Engels word alreeds deur 300,000,000 mense gebruik en dit is die enigste taal wat analities genoeg van aard is vir die vereenvoudigingsproses.

40) Die beginsels wat Ogden toegepas het om die woordeskat te reduseer, is: „(a) the elimination of verbs, (b) the analysis of the ten main operators and twenty spatial directives which replace them in universal grammar, (c) the use of panoptic conjugation in systematic definition, (d) the projectional interpretation of emotive adjectives and (e) the development of Bentham's theory of Fictions in the treatment of metaphor." (bl. 19)

41) Panoptic = seen at a glance.

dienstelikheid daarvan is dit nogtans veels te beperk.[42] Die beperking is te ultra, te op die spits gedrewe.

In 1930 het daar verskeie ander lyste verskyn, b.v. dié van Selke en Wheeler en Howell.

Selke[43] het twaalf eerste leesboekies geanaliseer om die woordeskatte van elk en die frekwensies van die verskillende woorde vas te stel, en ook om na te gaan of die invoering van nuwe woorde deur bestaande woordelyste beïnvloed is. Hy het 1,207 verskillende woorde opgeteken en gevind dat die woordeskatte van die afsonderlike boekies van 171 tot 594 woorde gestrek het. 'n Vergelyking (van sy lys van 1,207 woorde) met die lyste van Thorndike, Gates[44] en Horn[45] het aangetoon dat die persentasie (nuwe) woorde in elke boek, wat in al drie die ander lyste tesaam voorkom, van 71% tot 99% wissel.

Wheeler en Howell[46] het tien voorlopers[47] en tien ABC-boekies[48] ontleed. Die twintig boekies het 131,000 lopende woorde en 'n woordeskat van 2,219 woorde opgelewer. Om die

---

42) Vgl. Coleman se kritiek: „His simplification of vocabulary, which is very ingenious, differs from that of West ... in choosing material on the basis of a natural selection instead of a selection by usage ... Basic English disregards the fact that language habits are not limited to word meanings, but include idioms and locutions in which words are bound together with important modification of their meaning; it has characteristics of a synthetic language in that it strips speech of traditional, figurative material and reshapes it by logical processes. Its purpose is to speed up the process of English toward becoming a world language, but its principle does not seem generally adapted for teaching English to foreign students, who, as a rule, want to find their way progressively into some of the very material which Ogden eliminates, namely the figurative and idiomatic material which the English-speaking peoples have developed, and which is peculiar to English." (Experiments and Studies in Modern Language Teaching, 24)
43) A Comparative Study of the Vocabularies of 12 beginning Books in Reading (J.E.R., Deel 22, 369 - 374)
44) A Reading Vocabulary for the Primary Grades, Columbia University, New York, 1926 (Cf. J.E.R., Deel 22, 369)
    24 alfabetiese groepe bestaande uit 1,500 woorde word aangegee. (Cf. E.S.J., Deel 31, 52)
45) The commonest words in the spoken vocabulary of children up to and including six years of age, te vinde in die „Twenty-fourth Yearbook of the National Society for the Study of Education, Part I, P.S.P. Co., Bloomington, Illinois, 1925." (Cf. J.E.R., Deel 22, 372)
46) A First-Grade Vocabulary Study (E.S.J., Deel 31, 52 - 60).
47) voorloper = preprimer
48) ABC-boekie = primer

frekwensies uit te werk, is die verspreidingsfaktor ook in aanmerking geneem. Hulle het gevind dat 74% van die woorde in hul finale lys (van 453 woorde) met dié van Gates se lys klop. Hulle kritiseer verder Gates se lys (sowel na inhoud as na samestelling) en spreek die mening uit dat sy rangskikking inkonsekwent en arbitrêr is.

Coleman[49)] het (in 1931) 'n spellys van 3,017 woorde saamgestel. Sy lys is op die hoogste gemiddelde frekwensiesyfers in 33 lyste (beide algemeen en gespesialiseerd) gegrond en vorm dus 'n soort samevatting daarvan. Hy is van mening dat sulke lyste woorde moet bevat wat sowel deur volwassenes as kinders gebruik word: „If, then, the position is taken that the needs of both child life and adult life must govern curriculum making; that these periods cover one continuous development; that each stage of life is a preparation for the next; and that meeting each day's needs tends to prepare for the future, which includes adult life —— then it would seem ... that (the combined basis) most nearly represents the desirable procedure in the selection of the spelling curriculum."[50)] Onder die lyste wat hy geraadpleeg het, is dié van Thorndike, Gates, Horn (E) en die Shambaughs.

Fitzgerald[51)] het (in 1932) die woordeskatte van 3,184 briewe van kinders (in grade IV - VI) aan vriende en bloedverwante ondersoek. Hy het frekwensielyste van beide die woordeskat en die foute (20,142) uit 460,906 lopende woorde opgestel. Elke woord in laasgenoemde lys, konstateer hy, word in die alledaagse woordeskat van volwassenes en die basiese woordeskat van Hoërskoolleerlinge gevind. Die volgende lyste word in hierdie studie aangegee: (a) die 100 woorde wat die meeste deur die kinders verkeerd gespel is, plus nog 48 woorde met 'n hoë frekwensie, en (b) aparte lyste vir grade IV, V en VI. Sy slot-opmerking is: „Mastery of the one hundred words of greatest difficulty

49) A Critique of Spelling Vocabulary Investigation
50) t.a.p. 35 (Cf. Fourie, op. cit., 279)
51) Words misspelled most frequently by children of the fourth, fifth and sixth grade levels in life outside the school. (J.E.R., Deel 26, 213 - 218).

for each grade should eliminate approximately half of the spelling mistakes in child letter writing on these levels, since 9,375 of the 20,142 spelling errors (47%) were made on the 148 words of these difficulty lists." (bl. 218).

West[52] het hom die volgende ten doel gestel: om 'n minimum optimum lys woorde te vind waarmee hy die betekenisse van die woorde in 'n (Engelse) woordeboek kan omskryf sodat die definisies maklik verstaanbaar sal wees vir vreemdelinge (bl. 7). Thorndike en Madeline Horn[53] se lyste het hy albei verwerp. Die eerste het, na sy mening, te veel moeilike woorde bevat en die tweede het 'n te suiwer Amerikaanse omgewing weerspieël.

West en sy medewerkers het dus die woordeskat (1,779) van die „New Method Readers, I - V" gevat en die woorde in die woordeboek daarmee begin omskryf. Terwyl hulle hiermee besig was, het hulle 61 woorde gevind wat vir hul doel onontbeerlik was. Na voltooiing van die werk het hulle die frekwensies van 552 woorde (uit die oorspronklike woordeskat) waarteen beswaar gemaak kan word, vasgestel. Vervolgens het hulle hul lys met drie ander basiese lyste vergelyk om uit te vind of hulle woorde gebruik het wat nie in hierdie drie lyste voorkom nie.

Op hierdie stadium het hulle vyf lyste gehad:[54] (a) dié woorde wat hulle sonder enige voorbehoud aanvaar het, (b) dié wat hulle verplig was om te gebruik, (c) twyfelagtige woorde, (d) woorde wat nie in hul hooflys verskyn het nie, maar wat hulle wel gebruik het en (e) woorde wat hulle graag wou ingevoer het, maar wat hulle nie gebruik het nie. Met hierdie vyf lyste as grondslag het hulle 'n gekonsolideerde (basiese) lys van 1923 woorde saamgestel en dié lys met tien ander lyste vergelyk. Op hierdie manier het hulle 'n addisionele 237 belangrike woorde teëgekom om by die ander te voeg. Op heel omslagtige wyse het hulle eindelik die finale woordeskat as volg saamgestel:[55]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gekonsolideerde lys, A woorde | ...... | 1,176 | 1,923 |
| " " , B " | ...... | 622 | |
| " " , C " | ....... | 125 | |
| Wenslike woorde uit 10 lyste | ...... | 237 | |
| Woorde moeilik om te vermy | ...... | 59 | |
| | Totaal | 2,219 | |

(L.W. Die woorde in lys B en lys C is minder belangrik as dié in lys A.)

(b.o.)

Die komitee wat (in 1934) onder beskerming van die Carnegie korporasie aangestel is om die verskillende stelsels van woordseleksie (vir gebruik deur vreemdelinge) te ko-ordineer, het in 1936 'n interimverslag[56)] uitgebring. Die lede van die komitee was o.a. Faucett, Palmer, West en Thorndike, en hulle het 'n lys van ongeveer 2,000 woorde saamgestel. Hierdie woorde, meld hulle, „represents a foundation vocabulary for school use in the teaching of English to non-English-speaking pupils from twelve to eighteen years of age."[57)]

Hul prosedure was as volg: eers het hulle dié woorde met die hoogste verskyningskrediete in die frekwensielyste van Faucett, Maki, Thorndike, Horn, West, Eerste en Tweede Interimrapporte oor Woordseleksie (Tokio, Japan) en tien ander lyste oorweeg en tentatiewe lyste saamgestel.[58)] Hul kriteria vir seleksie was: (I) woordfrekwensie, (II) struktuurwaarde (voorsetsels, voegwoorde, bywoorde, vnwe. en b.nwe.), (III) universaliteit, (IV) aanwendbaarheid vir verskillende vakke, (V) definisiewaarde, (VI) woordbou-waarde en (VII) waarde om die styl te verbeter en plattaal te vermy.[59)]

Die uitkoms van die ondersoek was die samestelling van verskeie lyste. Benewens die Algemene Lys (General Service List) verskyn ook etlike ontledings, b.v. vier woordkategorieë met onderafdelings, twyfelagtige woorde, woorde wat uitgesluit is, ens.

Dolch[60)] het (in 1936) 'n minimumwoordeskat van 220 woorde saamgestel wat jong laerskoolleerlinge onmiddellik hoort te herken. Hierdie woorde is geput uit handboeke en die spreek-

---

52) Definition Vocabulary.
53) A Study of the Vocabulary of Children before entering the First Grade, International Kindergarten Union, Baltimore, 1928 (Cf. West: Definition Vocabulary, 10)
54) West: Definition Vocabulary, 22.
55) West, op. cit., 24.
56) Interim Report on Vocabulary Selection.
57) t.a.p., 30.
58) t.a.p., 11.
59) t.a.p., 13.
60) Basic Sight Vocabulary (E.S.J., Deel 26, 456 - 460) (Ook te vinde in: J.E.R., Deel 35, 208 - 217 en Dolch: Remedial Reading, Gerrard Press, Champaign, Illinois, 1939 —— cf. J.E.P., Deel 39, 40)

woordeskat van laerskoolkinders[61] en verder gebaseer op die lyste van Wheeler en Howell, Gates en die Internasionale Kindertuin-unie.[62]

Nemec en Blanche Losinki[63] het die betroubaarheid van Dolch se lys ondersoek. 5,971 kinders (2,749 in graad II en 3,222 in graad III) uit 1,252 plattelandse skole is getoets om vas te stel of hulle die woorde sonder enige verband visueel kan herken. Daar 80% van die leerlinge 185 van die woorde volkome beheers het (wat herkenning betref), het hulle besluit dat Dolch se lys taamlik betroubaar is.

Fitzgerald[64] het (in 1937) 1,256 briewe van kinders ontleed om 'n betroubare kernwoordeskat vir kinders in die derde graad vas te stel en om die moeilikheid van die woordeskat aan te toon. Uit 100,840 lopende woorde het hy 'n woordeskat van 2,928 woorde opgeteken. Hy gee 'n lys van 692 woorde met 'n frekwensie van 10 of hoër. Naas elke woord word die foutfrekwensies ook aangestip.

Hockett[65] het twee studies onderneem. In 1937 het hy die woordeskatte van 29 leesboekies (graad II) ontleed. Die lyste self word nie aangegee nie, maar tabellaries word ondergebring: die getal lopende woorde, die woordeskat en die gemiddelde frekwensies van die woorde in elke boekie. Hierdie woordeskatte is ook met Gates se lys (1,811 woorde) vergelyk, en die getalle en persentasies van die woorde (deur Hockett gevind) wat in daardie lys voorkom, is uitgewerk.

Om 'n grondwoordeskat vas te stel, het Hockett in die volgende jaar ses ABC-boekies en ses eerste leesboekies ontleed. Hierdie woordeskat het hy met die hersiene uitgawe van Gates[66]

---

61) Cf. Gertrude Hildreth in: J.E.P., Deel 39, 40.
62) Cf. J.E.R., Deel 35, 208.
63) A Study of the difficulty of the Dolch Basic Sight Vocabulary in the Second and Third Grades of the Rural Schools in 22 counties of the State of Wisconsin (J.E.R., Deel 35, 208 - 217)
64) The Vocabulary and Spelling Errors of Third-Grade Children's Life-letters (E.S.J., Deel 38, 518 - 527).
65) (I) A Comparative Analysis of the Vocabularies of 29 Second Readers (J.E.R., Deel 31, 665 - 671).
(II) The Vocabularies of Recent Primers and First Readers (E.S.J., Deel 39, 112 - 115).
66) A Reading Vocabulary for the Primary Grades, 1935 (1,811 woorde) (Cf. E.S.J., Deel 39, 112).

se lys vergelyk. Geen lyste word hier aangegee nie, net die uitslae van sy ondersoek in tabellariese vorm, b.v. grootte van die verskillende woordeskatte en die syfers wat betrekking het op die vergelyking met Gates se lys.

Ook Stone het heelwat aandag aan woordelyste gewy. In 1937 het hy 12 voorlopers en ABC-boekies ontleed.[67] Geen lyste word aangegee nie, maar vir elke boekie word beide die getal nuwe woorde per 500, 2,000 en 5,000 lopende woorde en hul gemiddelde frekwensies geboekstaaf.

In 1940 het Stone 20 voorlopers ontleed. In hierdie studie[68] word aangegee: (I) die woordeskatte van die boekies, (II) gemiddelde frekwensies van alle nuwe woorde en (III) 'n lys van 100 woorde wat in al die boekies tesaam die meeste aangewend is, met 'n verspreidingsindeks by elke woord. 90 van hierdie woorde is uit sy eie studie geput en 10 is uit Gates se lys oorgeneem.

In die volgende jaar het Stone nog 'n groter studie[69] onderneem. 107 laerskoolleesboeke het 'n woordeskat van 5,314 woorde opgelewer, maar die verspreiding en frekwensies van slegs 2,164 woorde was groot genoeg om opname in sy finale lys[70] te regverdig. Hierdie woorde is in tien vlakke gegradeer — vir gebruik vanaf die voorloperstadium tot by 'n derde of vierde leesboekie.

Berglund[71] het (in 1937) probeer om 'n woordeskat vir die 4e graad vas te stel. Hy het 15 boeke (kinderleesboeke en -romans, rekenkundeboekies, ens.) ontleed en 'n frekwensielys van die woordeskat opgestel. Uit 765,000 lopende woorde het hy ongeveer 10,000 verskillende woorde teëgekom en daaruit 3,000 woorde as die optimum 4e-graad-woordeskat gekies. Betekenisse van homograwe (homonieme) word in sy lys omskryf. 'n Monster

---

67) Stone: Measures of Simplicity and Beginning Texts in Reading (J.E.R., Deel 31, 447 - 450).
68) The Vocabularies of 20 Preprimers (E.S.J., Deel 41, 423 -29)
69) A Vocabulary Study based on 107 Primary-Grade Books (E.S.J., Deel 42, 452 - 455).
70) Te vinde in: Stone's Graded Vocabulary for Primary Reading, Webster Pub. Co., St Louis, Missisippi, 1941 (Cf. E.S.J., Deel 42, 453)
71) A Reading Vocabulary for the Fourth Grade (J.E.R., Deel 31, 172 - 180).

van sy lys (met frekwensies van die afsonderlike woorde) word in hierdie artikel aangegee.

In 1940 het Helen Eaton[72] se viertalige frekwensielys verskyn. Die 6,474 begrippe (wat in sommige tale deur meer as een woord uitgedruk word) word in vier kolomme langs mekaar in dalende frekwensie-orde gerangskik (bl. 1 - 214). Sy het die eerste 6,000 woorde in vier eentalige frekwensielyste gekorreleer en haar bronne was (I) Thorndike se „Teacher's Word Book of 20,000 Words," (II) Kaeding se „Häufigkeitswörterbuch der deutchen Sprache", (III) Vander Beke se „French Word Book" en (IV) Buchanan se „Graded Spanish Word Book."[73] Die andertalige lyste in hierdie ~~[illegible]~~ studie is hoofsaaklik op dié van Thorndike gebaseer.

Ook die volgende word aangegee: (I) die vier lyste in alfabetiese orde (Bl. 217 - 247), (II) 'n lys eiename in Duits en Engels wat weggelaat is (uit die oorspronklike lyste) (bl. 430 - 435) en (III) 'n ontleding van die betekenisse van die s.nwe., wwe. en b.nwe. (wat in die lyste verskyn) in 'n frekwensietabel.

Ruth Strang[74] het (in 1940) 49 boeke (24 romans en 25 nie-romanlektuur) ontleed en die woordeskatte met Thorndike se lys vergelyk. Haar bevindinge word in persentasies aangegee en sy het o.a. vasgestel dat ongeveer 75% van die lopende woorde in Thorndike se eerste 1,000 woorde verskyn. Slegs 2% van die woorde kom nie in sy lys voor nie.

In dieselfde jaar het Langston[75] se kernwoordeskat vir voorlopers verskyn. 12 voorlopers het 10,749 lopende woorde en 306 verskillende woorde bevat. Nadat hy die frekwensies van al die nuwe woorde bereken het, het hy sy lys met twee ander soortgelyke lyste (dié van Curtis en Gross) vergelyk. Uit elk van die drie lyste het hy die 72 woorde met die hoogste krediete geneem en op dié manier 105 verskillende woorde gevind. Sy kernwoordeskat van 78 woorde is uit hierdie lys gekies. Sy slot-opmerking is: „This core comprises over two-thirds of the total running words of 32 preprimers."[76]

---

72) Semantic Frequency List.
73) Helen Eaton, op. cit., XIII.
74) Familiar Wors in familiar books (School Review, Dl.48, 292-299).
75) A Core Vocab. for Preprimer Rdg. (E.S.J., Dl. 41, 766 - 773).
76) t.a.p., 773.

Mary Smith[77] het in die volgende jaar 'n omvangryke ondersoek ingestel met die doel om die woordeskatte van kinders van graad I - XII vas te stel, om tentatiewe norme voor te stel en prosedures uit te werk, ens. Seashore en Eckerson se „English Recognition Vocabulary Test" is aan 867 leerlinge op drie skole gegee. Die uitslae van haar ondersoek word tabellaries aangegee, b.v. basiese[78] woordeskatte (alle grade), totale woordeskatte (basiese en afgeleide woordvorme), wisselingpersentasies, basiese en totale woordeskatte volgens kronologiese ouderdom, ens. Wat die grootte van die woordeskatte betref, is haar bevindinge beide openbarend en verrassend, b.v.

| | | | | Verspreiding |
|---|---|---|---|---|
| Graad I | Basiese woordeskat (gemiddeld) | | 16,900 | 5,500 - 32,800 |
| | Totale " " | | 23,700 | 6,000 - 48,800 |
| Graad XII | Basiese " " | | 47,300 | 28,200- 73,200 |
| | Totale " " | | 80,300 | 36,700- 136,500 |

Guiler[79] het (in 1943) 'n lys van 466 spelfoute saamgestel. Hulle is gekies uit 4,000 kinderwoorde wat deur minstens 5% van die kinders in graad VIII verkeerd gespel word. Hierdie lys word in Horn[80] se frekwensie-orde aangegee.

Kyte[81] het in dieselfde jaar die bevindinge van verskillende ondersoeke gekorreleer en op dié manier 'n kernwoordeskat van 100 woorde vir gebruik in aanvangsleesboekies (graad I - II) saamgestel. Sy frekwensielys is gebaseer op die lyste van Gates, Hockett en Stone (met kinderleesstof as bronne) en dié van Fitzgerald, Horn, Fitzgerald en Lorenz (met bronne die skriftelike werk van kinders). Hoe dikwels hierdie woorde verkeerd gespel word, word ook aangedui.

Gertrude Hildreth[82] het (in 1948) die lyste van Dale, Dolch en Rinsland[83] vergelyk. Daaruit het sy 320 basiese woorde

77) Measurement of the size of General Eng. Vocab. through the Elem. Schools and High School (G.P.M., Deel 24, 313 - 345).
78) Hierdeur bedoel sy basiese woordvorme (stamvorme).
79) Primary Grade Words frequently misspelled by Higher-Grade Pupils (E.S.J., Deel 44, 295 - 300).
80) A Basic Writing Vocabulary.
81) A Core Vocab. for the Primary Grades (E.S.J., Dl.44, 157-66).
82) A Comparison of the Dale, Dolch and Rinsland Word Lists (J.E.P., Deel 39, 40 - 46).
83) Dale: A Comparison of Two Word Lists, 1941.
(Dit bevat 769 woorde wat sowel in Thorndike se eerste 1,000 woorde as in die eerste 1,000 woorde van 'n ander lys - oor kinderwoordeskat - voorkom.)

(b.o.)

saamgestel, 156 waarvan in al drie lyste tesame voorkom.

Hier te lande is nog geen (Engelse) frekwensielyste saamgestel nie. Wat wel opgestel is, is enkele spellyste, b.v. dié van Vaughan[84] en die S.A.O.U.-komitee.[85] Die beginsels wat Vaughan se lys ten grondslag lê, word nie gemeld nie, maar die S.A.O.U.-lys (vir tweede-taalonderwys) bestaan uit woorde wat in vier ander lyste tesaam voorkom, nl. dié van Boyd, Buckingham, Brown en Vaughan.

(b) Duits[86]

Hieronder kan ons noem die ondersoeke van:

(I) Kaeding. Sy frekwensie-woordeboek vir stenografiese doeleindes is reeds bespreek.

(II) Hauch[87] (German Idiom List). 'n Frekwensielys van 959 idiome word aangegee.

(III) Morgan[88] (German Word Book). 'n Frekwensielys van 2,402 basiese woorde word in Lys A geboekstaaf en in Lys B verskyn 'n alfabetiese lys van die 2,402 saam met 'n aantal afleidinge (totaal: 6,000 woorde).

(IV) Engel:[89] Hy kritiseer verskeie Duitse lyste (t.w. dié van Wadepuhl (1,000 woorde), die Chicago M.L.T.-lys (1,195), Morgan (2,402), Thurnau (1,200) en Kaeding) en gaan dan oor om, op empiriese grondslag, 'n lys van 1,450 woorde op te stel. 605 van hierdie woorde wat nòg in die M.L.T.-lys nòg in die Morgan-lys verskyn, gee hy aan as 'n basiese gestandardiseerde woordeskat.

(c) Spaans.

Die bekendste is Keniston se „Spanish Idiom List."[90] In Deel A verskyn 'n frekwensielys van Spaanse idiome en in Deel B 'n alfabetiese lys van dieselfde idiome.

---

Dolch: Remedial Reading (220 woorde).
Rinsland: A Basic Vocab. of Elementary-School Children, 1945. (Dit bevat 256 woorde met 'n frekwensie van 3,000 of meer - gebaseer op die skriftelike werk van kinders, gr. 1 - 8).

84) Juta's Rational Spelling Lists.
85) The S.A.O.U. Spelling List
86) 'n Lys deur Kotze saamgestel (D.Phil.-verhandeling aan die U.S.A.) is aangevra, maar nie beskikbaar gestel nie.
87) en 88) Aangegee deur Fife, op. cit., 198 en 194.
89) The Use of a Standardised Vocabulary in Beginning German (M.L.J., Deel 15, 281 - 291).
90) Aangegee deur Fife, op. cit., 198.

Dan is daar ook Buchanan[91] se „Graded Spanish Word Book." Veertig gedigte en stukke prosa is ontleed, en uit 1,200,000 lopende woorde het hy 'n woordeskat van 18,331 woorde gevind. By die vasstelling van die krediete in sy lys het hy sowel op verspreiding as frekwensie gelet. In Deel I verskyn 189 woorde met 'n baie hoë frekwensie en in Deel II 'n frekwensielys van 5,324 woorde.

(d) Frans.

Hier kan genoem word:

(I) Cheydleur[92] se „French Idiom List" - soortgelyk aan dié van Keniston.

(II) Vander Beke[93] se „French Word Book." Hy het ongeveer 1,150,000 lopende woorde ontleed (uit romans, toneelstukke, koerante, biografieë, wetenskaplike boeke, ens.) en 'n woordeskat van 19,253 gekry. In Deel I word 69 woorde met 'n baie hoë frekwensie en in Deel II 'n frekwensielys van 6,067 woorde aangegee.

(III) Henmon[94] se „French Word Book." Sy bronne was letterkunde, tegniese boeke, sake- en persoonlike briewe. 400,000 lopende woorde is ontleed en 'n frekwensielys van 3,900 woorde is saamgestel.

'n Kritiese beskouing van bogenoemde lyste[95] (en ook dié van Ward en Wood) het in 1930 verskyn.

(IV) Sears.[96] Nadat hy die woordeskatte van twee Franse grammatikas vasgestel het, het hy hulle met Vander Beke se lys vergelyk. Die getal woorde in elke boek met sekere frekwensies (minder as 5, 5 of meer, 50 of meer en 100 of meer), sowel as 'n lys woorde (86) wat nie in Vander Beke se lys voorkom nie, word aangegee.

(e) Italiaans.

Skinner[97] het 45 Italiaanse boeke (romans, gedigte, ens.)

---

91) - 94) Aangegee deur Fife, op. cit., 190 - 198.
95) Fotos: Word and Idiom Frequency Counts in French and their Value (M.L.J., Deel 15, 344 - 353).
96) The Vocabularies of Two Direct-Method French Grammars for Beginners (M.L.J., Deel 15, 599 - 606).
97) An Analysis of the Vocabulary-Difficulty of Forty-five Italian Textbooks (M.L.J., Deel 20, 411 - 412 — pp. 413 - 424 vermis).

se woordeskatte bereken. Hy het 3,000 basiese woorde[98] gevind wat in al die boeke voorkom, en op grond van hierdie lys kon hy die boeke gradeer (van die maklikste tot die moeilikste).

(f) Afrikaans.

Haarhoff[99] se taalboekie bevat 1035 woorde gebaseer op die lyste van Aucamp en Ogden,[100] maar 99 hiervan is afleidinge.

Groenewald[101] se taalboekie bevat ook 1,000 woorde,[102] maar die seleksiemetode word nie aangedui nie.

Barnes en Nienaber[103] het in hul leesserie vir Engelssprekende leerlinge 1,825 woorde[104] gebruik. By die keuse van hierdie woorde is die beginsels van beide bruikbaarheid en frekwensie toegepas. Die lyste van Dolch, Spache, Aucamp, e.a. is geraadpleeg.

Malan[105] se spellyste (sts. 1 - VI) berus hoofsaaklik op verskeie klaslyste wat bymekaar gebring, vergelyk en gerangskik is.

Forsyth en Forsyth[106] het 'n basiese spellys (tweede taal) vir die laerskool saamgestel, maar die seleksiemetode word nie verduidelik nie. In plaas van die woorde te gradeer, word hulle alfabeties in verskeie klasse ingedeel (b.v. klere, kleure, vrugte, blomme, kos en drank, ens.)

Die omvangrykste studie is dié van Aucamp.[107] Om 'n kernwoordeskat vir die aanleer van Afrikaans en vir stenografiese doeleindes vas te stel, het hy twaalf verskillende soorte lektuur ontleed. Sy totale woordeskat, uit 269,009 lopende woorde, was 14,222. Die verskeidenheid van sy bronne (b.v. sake- en persoonlike briewe, hofverslae, skoolleesboeke, Bybelstof, dagblaaie, toesprake uit Hansard, e.d.m.)[108] het meegebring dat sowel verspreiding as frekwensie by die vasstelling van die 1,000 meesgebruikte woorde in ag geneem moes word. Hierdie

98) Hierdie lys te vinde in: M.L.J., Deel 20, 67 - 84.
99) Haarhoff: The ABC of Afrikaans, 85 - 101.
100) t.a.p., 3.
101) Learn to speak Afrikaans.
102) t.a.p., 107 - 118.
103) Die Sonneblom-reeks.
104) op. cit., Boek VII, 246 - 269.
105) Afrik. Spellyste vir Afrikaansspr. Kinders in sts. I - VI.
106) Afrikaanse Spellys vir die Laerskool.
107) Woordeskat en Woordherhaling.
108) op. cit., 3.

1,000 woorde het 82·7% van die getal lopende woorde gelewer.[109] In hierdie studie word die volgende lyste aangegee: (I) die 1,000 meesgebruikte woorde (met verspreiding- en frekwensie-syfers) (bl. 79 - 90), (II) dieselfde lys alfabeties gerangskik (met Engelse ekwivalente) (bl. 91 - 108), (III) 1,071 woorde na die eerste 1,000, (IV) 1,592 woorde met krediete van 5 - 9 en, in bylaes, (V) die woordeskatte van drie skoolleesboekies (elk afsonderlik).

In hierdie ondersoek is elke afsonderlike woordvorm as 'n nuwe woord beskou —— met inbegrip dus van meervoude, verlede deelwoorde, ens. In die eerste 1,000 b.v. verskyn oor en ore, aankom en aangekom. Homonieme en funksies is ook nie onderskei nie.

4. Lyste vir verskillende vakke.

Fielstra[110] haal o.a. die volgende studies aan:

(I) Remmers en Grant: The Vocabulary Load of certain Secondary-School Mathematics Textbooks (1928).

(II) Powers: The Vocabulary of Scientific Terms for High-School Students (1926).

(III) Barr en Gifford: The Vocabulary of American History(1929).

(IV) Pressey: Fundamental Vocabulary in Elementary School Geography (1933).

Volgens Gray[111] het ook die volgende twee lyste verskyn:

(V) Kraus en Harap het die frekwensie van musiekterme in meer as sewemiljoen lopende woorde bereken. Van die 352 wat hulle gevind het, kom 31% in Thorndike se lys voor.

(VI) Kelty het 'n grondwoordeskat vir Amerikaanse geskiedenis opgestel en sy lys met nege lyste van dieselfde soort vergelyk.

(VII) Elizabeth Cowley[112] het ses meetkunde-boekies ontleed om 'n lys van (a) basiese en (b) sekondêre tegniese woordeskatte op te stel. Die syfers vir vlak-meetkunde is 33 en 22, en vir stereometrie: 14 en 18.

109) Aucamp, op. cit., 109.
110) In: J.E.P., Deel 30, 445.
111) In: J.E.R., Deel 26, 409.
112) Technical Vocabularies for Plane and Solid Geometry (J.E.R., Deel 27, 345 - 354).

(VIII) Shaw[113] het 'n frekwensielys van 500 persone wat dikwels in populêre tydskrifte aangehaal word, opgestel. Hierdie name, meen die skrywer, behoort die skoolkind onmiddellik te herken.

(IX) Curtis[114] wou bepaal hoeveel van die moeilike woorde in die wetenskaplike handboeke van die Hoërskool wiskundige terme is. 'n Frekwensielys van 433 woorde, alfabeties gerangskik, word aangegee.

5. Opsomming van lystipes.

Opsommenderwys kan ons die volgende soorte lyste onderskei:

(a) Frekwensielyste van Engelse woorde in drukwerk:

(I) vir kinders (verskillende ouderdomme), b.v. Stone.
(II) vir volwassenes, b.v. Thorndike.
(III) vir vreemdelinge, b.v. Palmer, Faucett, West.
(IV) vir kinders en volwassenes in verskillende vakke (meetkunde, geskiedenis, ens.), b.v. Pressey, E. Cowley.

(b) Frekwensielyste van die woorde in die gesproke taal van jong kinders, b.v. E. Horn (1925), Madeline Horn.

(c) Frekwensielyste van woorde in die geskrewe stukke van:

(I) kinders, b.v. Fitzgerald, Lorenz.[115]
(II) volwassenes, b.v. Horn (1926).

(d) Frekwensielyste van woorde (en idiome) (veral vir beginlinge) in verskillende tale, b.v. Morgan, Vander Beke.

(e) Frekwensielyste van spelfoute, b.v. Guiler, Brittain[116] en Fitzgerald, Fitzgerald (1932).

(f) Gewone spellyste (b.v. S.A.O.U. - spellys), lyste om die aard van spelfoute aan te dui (b.v. Cumings),[117] spellyste op 'n frekwensiebasis saamgestel (b.v. Coleman), ens.

Let wel:

(I) In so 'n indeling kan die afbakening nie te volstrek

113) An analytical frequency study of the recurrent mention of personages without modification in popular periodical literature (J.E.R., Deel 37, 251 - 262).
114) The Mathematical Vocabulary used in Secondary School Textbooks of Science (J.E.R., Deel 38, 124 - 131).
115) The writing vocabulary of Third Grade Children (Elementary English Review, VIII, 21 - 24) (Cf. E.S.J., Deel 44, 166).
116) The Vocabulary and Spelling Errors of Second-Grade Children's Themes, E.E.Review, XIX, Feb. 1942, 43 - 50 (Cf. E.S.J., Deel 44, 166).
117) A study of Types of Errors in Spelling (Cf. E.S.J., Deel 44, 166).

wees nie. Thorndike se lys, b.v., is vir sowel kinders as volwassenes bedoel.

(II) By die samestelling van sommige lyste is die beginsel van algemene bruikbaarheid ook toegepas —— geheel en al deur Ogden, gedeeltelik deur West, Palmer, e.a.

(III) Sommige lyste is slegs samevattings van ander lyste. Die van Coleman, b.v., berus op 33 soortgelyke lyste.

(IV) Vergemakliking en bevordering van die taalonderwys was nie altyd die hoofoorweging van die samestellers nie. Aucamp en Kaeding se lyste, b.v. is hoofsaaklik ten bate van die stenografie bedoel.

6. Kritiese beskouings oor die nut en waarde van frekwensielyste, kernwoordeskatte, e.a. woordelyste.

(a) Die voor:

Fitzgerald bespreek die belangrikheid van 'n kernwoordeskat in taalonderwys en wys op die bevindinge van Horn (The Curriculum of the Gifted): „The most commonly used 100 words with their repetitions comprise more than 58% of the running correspondence of adults. The most commonly used 1,000 words make up nearly 90% and the most common 2,000 words comprise 95% of the running written correspondence of adults."[118] Hierdie woordeskat, beweer hy, behoort elke kind te leer.

Volgens Thorndike lê die waarde van sy jongste lys (1943) daarin dat die onderwyser presies kan vasstel watter woorde die kind moet leer sodat dit 'n permanente deel van sy woordeskat kan word, en van watter woorde slegs 'n tydelike of oppervlakkige kennis nodig is.

Verskeie skrywers beklemtoon die waarde van frekwensielyste vir die samesteller van handboeke. Fife beweer: „Frequency lists put a word into a just perspective for the maker of grammars or readers who would lead the way to a command of progressively useful material."[119] Volgens Sears bied sulke lyste nie net die meesgebruikte woorde aan nie, maar hulle stel hom terselfdertyd in staat om die woordeskat van handboeke behoorlik te gradeer.[120]

In 'n inleidingsartikel bespreek Buckingham die tekortkominge van 'n sekere handboek t.o.v. die woordeskat en besluit: „The author or editor who is so far removed from a knowledge of

118) In: E.S.J., Deel 38, 518.
119) Fife, op. cit., 197.
120) In: M.L.J., Deel 15, 606. Vgl. Fife: „ .. for the grading and scaling of reading material they are indispensable." (197)

children as to use an adult vocabulary, does other things equally inappropriate. The result is a text which ... receives the curses of childhood."[121)]

Soos Stone tereg aantoon, beteken die gebruik van frekwensielyste (in moedertaalonderwys) nie dat alle leesboekies 'n lae woordeskat behoort te hê nie; inteendeel, „extreme lightness of vocabulary," verduidelik hy, „is not a panacea for all the difficulties in the teaching of reading.... Keeping the load to a reasonable level (is) highly desirable ... but provision must also be made for expansion of the vocabulary. At each level there should be available some books with as low a vocabulary load as is consistent with interest and good composition, and also others with larger and larger vocabulary loads."[122)]

Deur middel van frekwensielyste, meen Hildreth,[123)] Fife, e.a. kan die geskiktheid van handboeke objektief bepaal word. In hierdie verband konstateer Fife: „They give a more definite basis ... for the classification of grammars and texts than the subjective opinion of even the most experienced teachers."[124)]

Ook die volgende argumente ten gunste van dergelike lyste word aangevoer:

(I) Dit is 'n doeltreffende bron van woorde wat op bepaalde stadia onderwys moet word.[125)] Thorndike en Lorge,[126)] b.v., gee die strale[127)] vir die verskillende grade (standerds) aan.

(II) Die meesgebruikte woorde wat aangegee word, is dié woorde wat kinders moet leer om te spel, b.v. Coleman en Gertrude Hildreth.[128)]

(III) Vir toets-, oefen- en drildoeleindes bied die lyste stof van ongeëwenaarde objektiwiteit aan, en

(IV) die gebruik van sulke lyste verseker dat die same-

---

121) Buckingham in: J.E.R., Deel 13 - 14, 142.
122) Stone: A Reply to "All in favour of a low Vocabulary." (E.S.J., Deel 44, 43 - 44).
123) In: J.E.P., Deel 38, 41.
124) Fife, op. cit., 197.
125) Sers Sears in: M.L.T., Deel 15, 606.
126) The Teacher's Word Book of 30,000 Words.
127) straal = die eerste 500 (of 1,000) woorde op die lys.
128) In: J.E.P., Deel 38, 41.

stelling van leerplanne op 'n objektiewe grondslag berus.[129]

(V) Dit is 'n nuttige hulpmiddel vir die jong onderwyser wat geheig is om die woordeskat van sy kinders te oorskat, en

(VI) deur die gebruik daarvan kan 'n vaste standaard deur die land gehandhaaf word.[130]

(VII) So 'n lys skakel alle tasting in die duister uit. Dit bring vir ons wetenskaplike kennis van die gebruiklikste en noodsaaklikste grondwoorde in die taal en gradeer hulle volgens waarde.[131] Daarby

(VIII) voorsien dit die onderwyser van dié woorde (met die hoogste waarde) wat in die aanvangstadium onderwys moet word.[132]

Hierdie lyste is van besonder groot waarde vir die onderwyser van die tweede taal. Die leerling op die laerskool kan slegs 'n klein deeltjie van die totale taalstof assimileer, en aanvanklik hoort daardie deeltjie die bruikbaarste en nuttigste te wees.[133] Vir vreemde-taalonderwys sal hierdie deeltjie (mikrokosmos)[134] natuurlik nog kleiner wees.

T.o.v. die tweede taal som Fourie die nut van frekwensie- en ander lyste as volg op: „Word lists are valuable in enabling the teacher (I) to know the vocabulary burden at any particular stage; (II) to assess vocabulary achievement; (III) to indicate what effort of learning is necessary to assimilate a given amount of vocabulary; (IV) to distribute the vocabulary burden and the introduction of new words accordingly; (V) to measure progress."[135]

Een van die maniere waarop 'n frekwensielys vir vreemde-taalonderwys aangewend kan word, word deur West uiteengesit. Hy beveel die reduksiemetode aan en omskryf dit as volg: „We take a vocabulary which is known to be complete and adequate, e.g. the first 4,000 - 5,000 words of a frequency list. We test it

---

129) Fife, op. cit., 197.
130) Stander: 'n Vergelykende Studie ... S.-Af. Skole, 48 - 49.
131) Vgl. Fife: „The words and locutions which appear most often are those which are most necessary for the concerns of life." (Voorwoord, Semantic Freq. List, Helen Eaton, IX).
132) Aucamp, Woordeskat en woordherhaling, 129.
133) (I) Fourie, op. cit., 264.
(II) Palmer: The Sc. Study and Teach. of Languages, 122.
134) Cf. Palmer, op. cit., 122.
135) Fourie, op. cit., 272.

to see that it is capable of expressing any ordinary idea and then proceed to reduce its size (e.g. to 1,000) by eliminating all synonyms, duplicates and less useful words. Finally we check it to ensure that all its sets of words are complete (e.g. a complete set of numbers, colours, directions, etc.)"[136]

Die voordeel van 'n kernwoordeskat, meen Aucamp, is so in die oog lopend dat nadere toeligting eintlik oorbodig is. Die woorde wat hoogste op sy lys voorkom, behoort eerste die aandag te geniet van diegene wat Afrikaans as 'n vreemde of tweede taal aanleer, want daardeur „leer hulle 'n maksimum van woorde van die gewone leesstof in die kortste tyd en met die minste moeite."[137]

Verder geld natuurlik ook die ander oorweginge wat onder moedertaalonderwys aangehaal is.

Dit wil dus voorkom of frekwensielyste, t.o.v. die moedertaalonderrig (waarin ons die meeste belangstel), veral in die volgende opsigte van groot nut kan wees. Hulle is rigtinggewend vir die onderwyser, want hulle dui die belangrikste (meesgebruikte) woorde aan wat die kind op verskillende stadia behoort te ken en wat hy moet leer om te spel. Daarbenewens dien hulle as objektiewe maatstaf waarvolgens die woordeskat van handboeke gemeet kan word. Betreffende die samestelling van handboeke werk hulle sistematiese woordkeus, beperking en gradering in die hand; en deur die gebruik van sulke lyste kan die objektiewe grondslag van toetse, oefeninge en leerplanne gehandhaaf word.

(b) Die teen:

Daar het heelwat ongunstige kritiek oor die gebruik van grondwoordeskat- en frekwensielyste vir tweede of vreemde-taalonderrig verskyn, en die volgende besware word deur Fife aangehaal en bespreek:[138]

(I) Feitlik alle tellings berus op drukwerk of geskrewe stukke. Fife erken die waarheid hiervan, maar wys daarop dat daar tot nou toe nog geen betroubare tegniek vir 'n objektiewe

---

136) West: English as a World Language and the Technique of Teaching it (The New Era, Deel 14, 13).
137) Aucamp, op. cit., 129.
138) Fife, op. cit., 196 - 197.

studie van gesproke woorde bestaan nie. Daarby betwyfel hy dit of so 'n studie van veel opvoedkundige waarde sal wees, want in die aanvangstadium is geskrewe taal 'n beter voorbeeld vir die leerling.

(II) Sommige van die belangrikste en noodsaaklikste woorde vir alledaagse gebruik kom nie in hierdie lyste voor nie. Dit erken Fife ook, maar voeg by: „They furnish a reliable basis to which the teacher may make such additions as may be required to meet the pupil's special needs."

(III) Deur die woorde uit hul verband te leer, sal die leerling nooit 'n behoorlike taalgevoel ontwikkel nie. Hierop antwoord Fife: „The frequency vocabularies, like the dictionary, are not intended to be swallowed at one prolonged gulp and disgorged undigested at command. A frequency list is raw material to which both the teacher and the student must give reality and life through their classroom activities ... the vocabulary list will be a primary source of necessary material."

Enkele besware word ook deur Fourie[139)] bespreek:

(I) Die metode is te kunsmatig. Fourie meen dat hierdie kunsmatigheid onafskeidelik aan die dosering van die tweede taal verbonde is, want dit is slegs t.o.v. die moedertaal dat taalontwikkeling natuurlik en spontaan plaasvind.

(II) Die beperkte taalstof beperk die vryheid en ondernemingsgees van die onderwyser en maak hom die slaaf van die handboek. Die onderwyser moet hom in ieder geval beperk, beweer Fourie. Die enigste verskil is dat willekeurige seleksie deur sistematiese seleksie (wat op objektiewe kriteriums berus) vervang word.

(III) Die taalstof is te beperk en onvoldoende vir praktiese doeleindes. Aanvanklik, erken Fourie, is dit wel die geval, maar mettertyd word die kerntaalstof uitgebrei: aanwending daarvan in die begin is maar net 'n stappie in die rigting van onbeperkte taalgebruik.

Wat moedertaalonderrig betref, word daar geen beswaar teen

---

139) Fourie, op. cit., 265 - 266.

die beginsel van frekwensielyste gemaak nie. Daar word slegs gewaarsku teen 'n onoordeelkundige gebruik van sulke lyste.[140] Die kritiek wat wel uitgeoefen is, is hoofsaaklik gerig teen die betroubaarheid en tekortkominge van bepaalde lyste.[141]

Een slotopmerking. By die keuse van 'n optimum woordeskat vir tweede- of vreemde-taalonderwys wil dit voorkom of die toepassing van die frekwensiebeginsel alleen — in teenstelling met moedertaalonderwys — onvoldoende is. Volgens Palmer,[142] Fife,[143] Fourie,[144] e.a. — en dit is bevestig deur eie ervaring met die samestelling van leesreekse van hierdie aard — moet die bruikbaarheidsprinsiep 'n ewe belangrike rol speel — tensy West se reduksiemetode aangewend word. Maar selfs dan loop die taaldosent (of samesteller van handboeke) gevaar om belangrike woorde uit te laat — veral daardie voorskoolse woordeskat van die onmiddellike omgewing wat die kind in sy moedertaal volkome beheers.

---

140) Vgl. Gertrude Hildreth: (I) Op die laerskool moet hierdie woorde nie sodanig beklemtoon word dat dit die uitskakeling van ander belangrike woorde meebring nie en (II) om die woorde vir meganiese drilwerk (d.w.s. los van die verband) te gebruik, is pedagogies ongesond. (J.E.P., Deel 39, 45).

141) Vgl. die kritiek van Thorndike se lyste (1921 en 1931) deur Fielstra en Berglund, en die van Gates deur Wheeler en Howell.

142) op. cit., 122.

143) op. cit., 196.

144) op. cit., 264.